
# The winter of our discontent

MARILEEN ERASMUS
**George Leeskring en Q-Lit Leeskring**

Steinbeck se eerste roman, **Cup of gold**, het in 1929 verskyn en sy laaste (twaalfde) roman, **The winter of our discontent**, in 1961. (Hierbenewens het hy ook verskeie verhoogstukke en filmtekste, asook joernale, novelles en kortverhale geskryf.) Hy het dikwels protesfiksie geskryf wat sy hoogtepunt in die 1930's bereik het. Baie van die protesfiksie is geskryf in die tradisie van Naturalisme, 'n literêre beweging wat prominent was in Amerikaanse fiksie tussen 1870 tot ± 1940. In Naturalisme beskou die skrywer die maatskaplike, historiese en ekonomiese konteks van die verhaal as die belangrikste element van die fiktiewe wêreld. Die individu (karakter) se idees en begeertes ontstaan algeheel uit die sosiale omgewing en nie van 'n unieke visie wat slegs deur daardie persoon gehuldig word nie. Determinisme (waar die wil nie vry is nie, maar noodwendig bepaal word deur die psigiese en fisiese faktore) was die verhaalstyl van Naturalistiese fiksie.




## Temas

Shakespeare se Richard III begin met die woorde: 'Now is the winter of our discontent made glorious summer by this sun of York.'

Steinbeck het sy titel by Shakespeare 'geleen' en wel omdat dit so toepaslik is. Ooreenkomste kan, onder andere, gekry word in die aanwesigheid van broederskappe en ou families en die

dubbele maskers wat deur openbare leiers gedra word.

Lig/duisternis of goed/kwaad is 'n herhalende tema in Steinbeck se werke. In **East of Eden** sê hy, 'We have only one story. All novels, all poetry, are built on the never-ending contest in ourselves of good and evil.'

Die hoofkarakter in **The winter of our discontent**, Ethan Hawley, is heeltyd besig om goed en kwaad vir homself uit te spook en te regverdig (sien, byvoorbeeld, hoofstuk 13). Soos die verhaal ontknoop, verruil hy integriteit vir sukses (en kruisig so sy morele beginsels en waardesisteem). Op die ou end is sy gevolgtrekking dat die oorwinning in die individu lê. In die belangrike hoofstuk ses besin hy oor die skuiling wat morele luiheid bied.

Die eerste hoofstuk het heelwat verwysings na 'darkness', byvoorbeeld, 'a darkness fell on the world and on him'. Aan die einde word daar weer baie van 'lig' gepraat. Dit onderskryf Steinbeck se siening dat goed en kwaad inherent deel is van die mens en die verantwoordelikheid tot regte keuses by die individu berus.

## Bespreking

Steinbeck se paradoks-wêreld in **The winter of our discontent** bevat die uitbouing van 'n lig/duisternis, goed/kwaad tema.

Met sy ontginning van die tema van moraliteit is Steinbeck nie net besig om die psige van die Amerikaanse volk onder die vergrootglas te plaas nie, maar inderdaad dié van die universele mens. As Ethan Hawley sê, 'Money not only has no heart but no honour nor any memory. Money is respectable automatically if you keep it a while', dan is die aanklag daarvan nog net so relevant vandag 42 jaar later en ook op ander kontinente.

Ook wanneer hy sy bankroofplanne vir homself rasionaliseer met die denke, 'And when one of our successful men had what he needed or wanted, he reassumed his virtue as easily as changing his shirt…' spreek dit die moderne mens se moreel-etiese waardes aan.

Ethan wonder 'if a man can think out his life, or must he just tag along'. Sukses word deur die moderne mens grootliks in materiële terme gemeet en die gemeenskap van New Baytown oefen ook groot druk op Ethan uit om te doen wat nodig is om rykdom te verkry. Dit beteken vir hom dan, onder andere, dat hy sy verswakte jeugvriend moet opoffer in die proses. Rugstekery is ook deel van die 'groot plan' wanneer Ethan sy vertrouende werkgewer op 'n anonieme wyse by die immigrasie owerhede verdag maak. Ethan regverdig sy uitbuiting van die omstandighede wat hom die geleentheid tot rykdom bied met die wete dat almal dit doen, die bankbestuurder, die polisiehoof, die stadsvaders - dit is die norm! Maar hy het ook dubbele standaarde. Wanneer sy tienerseun ongeërg en sonder enige berou plagiaat pleeg ten einde 'n nasionale opstelwedstryd met die titel, *I love America*, te wen, raak alles vir Ethan te veel.

Sy dogter se optrede gooi egter lig op sy donker gevoel van hopeloosheid - hy besef dat 'n individu die potensiaal het om hoop vir die toekoms te bied. Die woorde van sy geliefde oupa, Old Cap'n, 'Only in a single man alone... there's the only power - one man alone. Can't depend on anything else', kry betekenis en bring insig. Aan die einde offer Ethan sy eie behoeftes en begeertes op om hoop te bied aan die volgende geslag.

## Waardering

Die verhaal het 'n slim verwikkelingsplan met heelwat intrige in die komplotvorming. Gebeure begin met Paasfees en speel binne drie maande af om te eindig met die viering van onafhanklikheid (Day of Independence). Moraliteit moet nie met godsdiens verwar word nie en daarom speel godsdiens waarskynlik nie 'n verdere rol na Paasfees nie, behalwe in die sin dat daar 'n paar keer van 'offers' sprake is. Die betekenis van Onafhanklikheidsdag lê moontlik daarin dat Ethan aan die einde Old Cap'n se insig begryp dat elke persoon sy eie lig dra, met ander woorde, kies die goeie. Die morele mens se gedrag behoort nie bepaal te word deur die prohibisies van godsdiens of wette nie.

Dit is 'n boek met sterk karakterisering en sosiale kritiek. Die verhaalgegewe is realisties naby aan die uitdagings/versoekings waaraan die gemiddelde moderne mens in 'n materialistiese wêreld daagliks blootgestel word.

Met sy aanvaarding van die Nobel Prys in 1962 het John Ernest Steinbeck, onder andere, die volgende gesê: 'The danger and the glory and the choice rest finally in man.'